Saterdag 20 Junie
Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 8:1-13
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 8:5-6
God is daar. Daarom kan ons in Hom glo

Dit is vir ons eintlik onmoontlik om oor 'n ander god te praat as die enige en enkelvoudige geestelike Wese wat ons God noem, want Hy praat met ons, want die verhouding waarin ons tot God staan, het Hy self bewerkstellig. Dit is nie ons wat verskillende gode teen mekaar opgeweeg het en nou besluit het watter een ons God gaan noem nie. Nee, ons dink en praat oor God omdat Hy Homself so aan ons bekendgemaak het. In 1 Korintiërs 8:5, 6 staan daar: *"Al is daar ook sogenaamde gode, is daar vir ons nogtans net een God, die Vader, uit Wie alles is en vir Wie ons lewe!"*

Om te kan weet wat dit beteken om in God te glo, sal ons eers iets oor geloof moet sê, want mense verwar geloof soms met iets soos gelowigheid, of vroomheid, of ekstase. Ja, dit is moontlik om volgens vaste reëls 'n goeie lewe te lei, selfs kerk toe te gaan, sonder om werklik in God te glo. U sien, geloof ontstaan die oomblik as God jou gegryp het en die Heilige Gees in jou begin werk, want geloof is 'n gawe van God in Jesus Christus. Daarom gaan dit in hierdie verhouding waarin ons tot God staan daaroor: God praat en jy luister, handel en reageer daarop in dankbaarheid.

Maar dit is ook belangrik dat jy nie alleen glo nie, jy glo saam met ander mense wat ook deur God gegryp is, jou broers en susters in die een geloof in Jesus Christus. En so het die ek en jy in Jesus Christus, in sy een liggaam die kerk, die ONS in Jesus Christus geword.

Het jy al by die *ons* van die geloof in Jesus Christus uitgekom sodat jy ook kan bely: *Ons glo almal met die hart en bely met die mond* ...?

*Sing: Psalm 115-1: 1, 2*

*Dagstukkie Almanak 1999*